



**Professional Provident Society Holdings Trust Reg. No.IT 312/2011 (“PPS”)  
Trustee Nominasievorm 2020**

**1. Besonderhede van die Genomineerde (die persoon wie vir aanstelling genomineer word), ‘n Gewone Lid van PPS**

Volle name en van	
Identiteitsnommer	
PPS lidnommer	
Telefoonnommer	
E-posadres	

**2. Aanvaarding van nominasie deur die Genomineerde (Moet deur die Genomineerde geteken en gedateer word)**

Ek, die ondergetekende, aanvaar bostaande nominasie om, onderhewig aan die Trustakte van PPS en die vereistes soos deur die Nominasiekomitee bepaal, vir die drie-jaartydperk vanaf die 2020 algemene jaarvergadering, as ‘n Trustee van PPS gekies te word en ek aanvaar dat indien my nominasie suksesvol is, ek bereid is om ‘n aanstellingsbrief met betrekking tot my prestasie as ‘n lid van die Raad van Trustees te onderteken en stem hiermee toe dat PPS ‘n ondersoek na my finansiële agtergrond en kredietrekord, asook enige kriminele rekord mag doen, insluitend die neem van vingerafdrukke,soos hierby aangeheg.	
Handtekening	
Datum	

**3. Besonderhede van die Eerste Nominereerder, ‘n Gewone Lid van PPS (Moet deur die eerste Nominereerder ingevul en onderteken word)**

Volle name	
Van	
PPS lidnommer	
E-posadres	
Handtekening	

**4. Besonderhede van die Tweede Nominereerder, ‘n Gewone Lid van PPS (Moet deur die tweede Nominereerder ingevul en onderteken word)**

Volle name	
Van	
PPS lidnommer	
E-posadres	
Handtekening	

**Vereistes vir Nominasie:**

Die Nominasie moet aan die volgende vereistes voldoen ten einde te kwalifiseer:

- Die Nominereerders en Genomineerde moet Gewone Lede van PPS Holdings Trust wees;
- Die Genomineerde mag nie die ouderdom van nege en sestig jaar bereik het op datum van die verkiesing nie (18 Mei 2020);
- Die Genomineerde moet sy/haar bereidwilligheid om die nominasie te aanvaar aandui deur hierdie voorgeskrewe nominasievorm te onderteken en toe te stem tot ‘n ondersoek na sy/haar finansiële agtergrond en kredietrekord, asook enige kriminele rekord.
- **Die nominasie moet op hierdie voorgeskrewe PPS Holdings Trust Trustee Nominasievorm ingedien word, na behore voltooi en onderteken deur twee Nominereerders en die Genomineerde, insluitend die toestemming tot die nagaan van die Genomineerde se finansiële agtergrond en kredietrekord, asook enige kriminele rekord in 2 hierbo, tesame met ‘n curriculum vitae, wat die volgende inligting bevat:**
  - Beroep, tersiêre kwalifikasies, enige relevante kursusse wat voltooi is of direkteurskap/trusteeskap en opleiding wat die Genomineerde gehad het;
  - Kennis en ervaring van die sakewêreld, korporatiewe bestuur, korporatiewe finansies, rekeningkunde, ouditering, insluitende kennis van geïntegreerde verslagdoening, korporatiewe reg, risikobestuur, beleggingsbeginsels, versekeringspraktik en bestuurskonsepte, ervaring in die finansiële dienste/versekeringsbedryf, direksie-aanstellings gehou, asook ander relevante ervaring wat die Genomineerde as ‘n direkteur of trustee mag verkry het;
- **Die Genomineerde moet enige konflik of potensiele konflik van belange met die aktiwiteite van PPS, sy filiale en geaffilieerdes duidelik identifiseer, en daar moet daarop gelet word dat ‘n kandidaat wat ‘n finansiële adviseur of tussenganger is, of regstreeks of indirek enige amp beklee of belang hou in enige entiteit wat in dieselfde sake-omgewing as die PPS-groep sake doen, nie vir aanstelling as ‘n trustee sal kwalifiseer nie;**
- Nominasies sal deur die PPS-Groep Nominasiekomitee oorweeg word om te verseker dat hulle aan die statutêre Geskiktheids- en Bevoegdheidsvereistes voldoen en, indien die nominasie in die uitsluitlike diskresie van die PPS Holdings Trust Raad goedgekeur word, sal die Genomineerde se naam aan die lede voorgelê word vir verkiesing as ‘n lid van die Raad van Trustees tydens die 18 Mei 2020 algemene jaarvergadering. By voltooiing van die proses van goedkeuring en kontrolering deur die PPS-Groep Nominasiekomitee, sal alle Genomineerdes van die uitslag verwittig word.

Hierdie nominasievorm en ondersteunende dokumente moet vir die aandaag van die Trustsekreteraris, The Professional Provident Society Holdings Trust, per e-pos teruggestuur word aan [companysecretary@pps.co.za](mailto:companysecretary@pps.co.za), of per faks aan (011) 644-4641, of per pos aan Posbus 1089, Houghton, 2041, of per hand afgelewer word by Anerleyweg 6, Parktown, ten einde hom voor of op 29 Februarie 2020 te bereik.